Laerskool Saamtrek
Welkom by Samies
WAAR ELKEEN GELUKKIG IS!
WERK EN GLO
H/v Michael en Ivorstraat, Wilkoppies, Klerksdorp, 2050,
018 462 4231, 018 462 4153
P.O. Box
admin@saamtrek.co.za
www.saamtrek.com

# VERHOGING VAN SKOOLGELD : 2020

Geagte ouer,

Die skoolgeld vir 2020 is tydens die ouervergadering op 25 November 2019 soos volg voorgestel en aanvaar:

| | |
|---|---|
| Graad RR | – R1 150.00 per maand (12 maande) |
| Graad R | - R 1 150.00 per maand (12 maande) |
| Graad 1 – 7 | - R 1 050.00 per maand (12 maande) |

U word ook weer daaraan herinner dat alle skoolgelde vir elke maand vooruitbetaalbaar is voor die 7de van elke maand vir 12 maande van die jaar, beginnend met Januarie 2020 tot Desember 2020.

Die nasorggeld is vasgestel op R 710.00 en is ook vooruitbetaalbaar voor die 7de van elke maand vir 12 maande van die jaar, beginnend met Januarie 2020 tot Desember 2020.

Hou asb. in gedagte dat indien skoolgeld nie betaal\ontvang is voor die 7de van elke maand nie, sal u na die eerste agterstallige bedrag 'n skrywe van die skool ontvang wat u weer herinner van die verwagte betaling. Indien daar geen betaling ontvang is binne 7 werksdae vanaf die datum op die skrywe nie, word die rekening outomaties deur die stelsel oorhandig aan "Veri Credt" vir invordering. Alle addisionele kostes op die verwagte skoolgeld is dan deur u as ouer betaalbaar aan "Veri Credt"

Voltooi asb. die skeurstrokie en omring die nommer vir die toepaslike keuse vir 2020 en stuur dit terug na die skool met die aanvang van die nuwe akademiese jaar in 2020.

**Alle ouers word ook daaraan herinner dat daar tydens die ouerbegrotingsvergadering 'n voorstel aanvaar is dat alle leerlinge in Graad 1 – 7, aan die begin van die nuwe jaar 'n boekfooi van R 300.00 per kind moet betaal. Die bedrag is betaalbaar in Januarie 2020. Indien die fooi nie betaal is voor of op die einde van Januarie 2020 nie, sal die skool u kind nie van addisionele en ekstra leermateriaal, handboeke en hulpbronne kan voorsien nie. Die rede hiervoor is dat die skool nie hiervoor begroot nie en die addisionele fondse word dus aangewend vir die aankoop van nuwe handboeke, hulpbronne en verbruikbare voorraad. Hierdie bedrag sal voortaan jaarliks betaalbaar wees.**

Ons as beheerliggaam, personeel, leerlinge en mede-ouers wens elkeen van u 'n geseënde feesgety en Kersfees toe. Mag u die tyd saam met u gesin en familie geniet en waardeer.

Saamtrekgroete.

______________________

P.J. Visagie: Hoof